

Saak Nr 640/94 IN DIE

HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

ALFONSO DEON GREEFF

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: E M GROSSKOPF, NESTADT, ARR et SCOTT, Wn AR

VERHOOR: 25 Augustus 1995 GELEWER: 14

September 1995

U I T S P R A A K

E M GROSSKOPF, AR

Die appellant is in die landdroshof van Benoni skuldig bevind aan 'n oortreding van art 122(2)(a) van die Padverkeerswet, 29 van 1989, deurdat hy 'n voertuig op 'n openbare pad bestuur het terwyl die konsentrasie alkohol in 'n monster bloed wat van sy liggaam geneem is, nie minder as 0,08 gram per 100 milliliter was nie, te wete 0,27 gram per 100 milliliter. Hy is gevonnissen tot 18 maande korrektiewe toesig. 'n Appèl na die Transvaalse Provinsiale Afdeling teen sy skuldigbevinding het misluk. Met verlof van die hof a quo kom hy nou in hoër beroep na hierdie hof.

Die staatsgetuienis by die verhoor kan soos volg opgesom word. Eers is bewys gelewer dat 'n bloedmonster binne die voorgeskrewe tyd nadat die appellant 'n voertuig op 'n openbare pad bestuur het, van hom getrek is ingevolge art 122(3) van die Padverkeerswet en dat die monster na die Forensiese Chemie Laboratoria van die Departement van Nasionale Gesondheid en

Bevolkingsontwikkeling in Johannesburg geneem is.

Daarna het die vervolging 'n sertifikaat ingevolge art

212(4) (a) van die Strafproseswet, 51 van 1977,

ingehandig waarin ene Mandisa Lobelo verklaar het

(1) dat hy sekere kwalifikasies as skeikundige het;

(2) dat hy in die diens van die Staat as 'n forensiese analis is;

(c) dat hy 'n bepaalde bloedmonster (dit is gemene saak dat dit dié van die appellant was) onderwerp het aan 'n proses wat bedrewenheid in skeikunde vereis; en

(d) dat hy bepaal het dat die konsentrasie van alkohol in die bloedmonster 0,27 gram per 100 milliliter bloed was.

Na inhandiging van die sertifikaat het die Staat sy saak gesluit.

Die staatsaak was dus afhanklik van die sertifikaat wat ingevolge art 212(4)(a) van die

Strafproseswet ingehandig is. Die artikel lui soos

volg, insoverre dit ter sake is:

" Wanneer 'n feit wat bepaal is deur 'n ondersoek of proses wat bedrewenheid in ... skeikunde ... vereis, by strafregtelike verrigtinge by die geskilpunt relevant is of mag word, is 'n dokument wat voorgee 'n beëdigde verklaring te wees deur 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer dat hy in diens is van die Staat ... en dat hy bedoelde feit deur middel van so 'n ondersoek of proses bepaal het, by blote voorlegging daarvan by sulke verrigtinge prima facie-bewys van daardie feit: Net dien verstande dat die persoon wat bedoelde beëdigde verklaring kan aflê, in 'n geval waarin bedrewenheid in skeikunde ... vereis word, 'n sertifikaat in plaas van bedoelde beëdigde verklaring kan uitreik, in welke geval die bepalinge van hierdie paragraaf mutatis mutandis met betrekking tot so 'n sertifikaat van toepassing is."

Die appellant het net een getuie geroep. Dit was Mnr S Toerien wat ook 'n forensiese analis by die Forensiese Chemie Laboratoria is, en dus 'n kollega is van Mnr Lobelo wat die betrokke sertifikaat uitgereik het. Mnr Toerien het beskryf hoe ontledings van bloedmonsters gedoen word om die alkoholkonsentrasie

vas te stel. Dit kan soos volg opgesom word.

Eers word die bloedmonster verdun met 'n verdunningsapparaat. Dit is 'n apparaat op sy eie. Die verdunning geskied met 'n interne standaard, wat in hierdie geval tersiêre bitanol was. Daarna word die verdunde bloed in 'n gaschromatograaf geplaas waar dit verhit word tot 65 grade Celsius sodat daar 'n dampdruk vorm. Die damp sluit enige alkohol in wat aanwesig mag wees asook die tersiêre bitanol wat as interne standaard dien. Die damp word dan outomaties deur die masjien in die gaschromatograaf ingespuut waarna die verskillende komponente geskei word op grond van hul verskillende massas. Dan gaan dit deur 'n detektor wat die komponente ioniseer en hierdie ionisasie gee dan 'n uitdrukking op 'n apparaat bekend as 'n integreerder wat die komponent as 'n piek aandui. As daar alkohol in die monster is, sal daar twee pieke wees - een vir die alkohol en een vir die tersiêre bitanol. Die

integreerder verwerk die piek m b t alkohol om dit uit te druk in gram per 100 milliliter. Dit is dan die syfer wat in die sertifikaat voorkom. Twee gaschromatograwe word vir elke bloedmonster gebruik en hulle moet binne 95 persent ooreenstem.

Voordat 'n integreerder in die laboratoria gebruik was, was die gaschromatograaf aan 'n grafiektrekker gekoppel wat 'n grafiek van die pieke verskaf het. Die analis moes dan self wiskundig bepaal hoeveel gram per milliliter die piek verteenwoordig. Nadat integreerders in gebruik geneem was, was die ontleder se taak heelwat eenvoudiger. Hy programmeer nou bloot die masjien met die dag se monsters en kyk wat die uitslae is.

Oor die betroubaarheid van die proses het Mnr

Toerien gesê:

"Ons is heel vertrouwd met hoe die apparaat werk en ons is baie tevrede daarmee".

Later het hy die proses as "baie betroubaar" beskryf.

Die vraag is nou of die appellant se skuld bo

redelike twyfel bewys is. As die sertifikaat sy volle regskrag het ingevolge art 212(4)(a) van die Strafproseswet, moet die antwoord bevestigend wees. (Sien S v Veldhuizen 1982 (3) SA 413 (A) op 416 G-H.) Die feit wat bewys moes word was dat die monster bloed nie minder nie as 0,08 gram per milliliter alkohol bevat het. Die sertifikaat voldoen aan al die formele vereistes om prima facie bewys te vorm dat die bloedkonsentrasie 0,27 gram per milliliter bloed was. Geen getuienis is aangebied om hierdie prima facie getuienis in twyfel te trek nie. Inteendeel, Mnr Toerien het die proses waardeur die monster ontleed was, as baie betroubaar beskryf. Daardeur is die sertifikaat se prima facie bewyskrag versterk eerder as weerlê.

Om te slaag in sy appèl was die appellant dus geroepe om aan te toon dat die sertifikaat in die onderhawige geval nie toelaatbaar was nie. Vir hierdie

doel is betoog dat die bepaling van die
bloedkonsentrasie op die manier wat ek hierbo beskryf
het, nie neerkom op 'n ondersoek of proses wat
bedrewenheid in skeikunde vereis nie. Die metode wat
gevolg word, so is betoog, is baie eenvoudig, en word
ten dele deur 'n tipe rekenaar (die integreerder)
gedoen. Die bedrewenheid wat vereis word (indien enige)
is dus eerder bedrewenheid in rekenaarwetenskap as in
skeikunde.

Na my mening gaan hierdie argument nie op nie.

"Skeikunde" word omskryf in die Verklarende
Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal ("HAT") van
Odendal en andere as "leer van die eienskappe en die
samestelling van stowwe en van veranderinge daarin."
Die ontleding van 'n monster vloeistof om te bepaal of
dit alkohol bevat en, indien wel, hoeveel, is by
uitnemendheid 'n skeikundige handeling. Dit verg kennis
van die eienskappe van die onderskeie komponente wat in

die monster aanwesig is ten einde die verhouding tussen hulle te bepaal. Dat moderne tegnologie daarin geslaag het om hierdie ontleding te vergemaklik maak myns insien nie saak nie. Selfs opgevoede leke sou nie normaalweg weet hoe om die hedendaagse apparaat en prosesse te benut ten einde bloedontledings te doen nie. Dit geskied in die laboratorium, nie in die woonkamer nie. Skeikundiges word opgelei om die apparaat te gebruik wat nodig is vir hul doeleindes. En dat rekenaars gebruik word om sekere van die resultate te verwerk maak myns insiens ook nie saak nie. Voordat die rekenaar gebruik was het die ontleder self die wiskundige berekenings gedoen. Daardie deel van die ondersoek was dus eerder 'n wiskundige as 'n skeikundige werksaamheid. Desnieteenstaande was die proses as geheel steeds in wese 'n skeikundige een. Dieselfde geld vir die integreerder. Dit doen die wiskundige berekenings wat nodig is om die resultate

van die skeikundige ontleding in 'n bruikbare vorm uit te druk. Hierdie handeling vorm 'n deel van die normale werksaamhede van 'n skeikundige.

Weens die voorgaande meen ek dat die proses, soos beskryf deur Mnr Toerien, wel een was wat bedrewenheid in skeikunde vereis het, en dat die sertifikaat dus toelaatbaar was ingevolge art 212(4)(a) van die Strafproseswet.

In die alternatief het die appellans betoog dat, selfs al is die sertifikaat toelaatbaar, dit nie regs krag kan hê nie omdat dit getuienis bevat van feite wat deur middel van 'n rekenaar bepaal is. Ek stem nie saam nie. Die artikel plaas geen beperking op die apparaat wat die skeikundige mag gebruik om sy ontleding te doen nie. Dat daar gedurende die proses berekeninge deur 'n rekenaar gedoen word doen dus m i nie af aan die bewyskrag van die sertifikaat nie. Trouens, ek wonder of daar vandag enige wetenskaplike

rigting is waarin daar nie gebruik van rekenaars gemaak word nie.

Ter ondersteuning van hierdie laasgenoemde betoog het die appellant se advokaat sterk gesteun op die Nieu-Seelandse saak van Holt v Auckland City Council [1980] 2 NZLR 124. In daardie saak het die hof te doen gehad met 'n wetsbepaling wat baie ooreenstem met ons art 212(4)(a). Daar was egter een groot verskil. Die Nieu-Seelandse artikel het onder meer bepaal dat 'n sertifikaat nie toelaatbaar sou wees nie waar die beskuldigde versoek het dat die persoon wat die ontleding gedoen het, deur die vervolging as getuie geroep word. (Holt se saak op bl 126, reëls 35 tot 38.) In Holt se saak het die beskuldigde hierdie reg uitgeoefen. Die analis het persoonlik getuig, en die vraag het ontstaan of sy deskundige getuienis kon gee oor die integreerder, waaroor sy nie voorgegee het om enige besondere kennis te hê nie. Die hof het

beklemtoon dat hierdie vraag bloot een van die gemene
reg was - die bewyswaarde van die sertifikaat het
weggeval toe die beskuldigde sy reg uitgeóefen het om
die analis te laat roep as getuie (bl 126 reël 39 tot
47). By ons is die posisie omgekeerd. Ons moet bepaal
wat die regseffek van 'n sertifikaat is. Holt se saak
bied na my mening geen hulp in hierdie verband nie.

Ek meen dus dat die sertifikaat in die huidige geval toelaatbaar was. Daar
was geen getuienis ter weerlegging van die prima facie bewys wat die sertifikaat
daargestel het nie. Die appellant was dus tereg skuldig bevind.

Die appêl word afgewys.

E M GROSSKOPF, AR

NESTADT, AR
SCOTT, Wn AR Stem saam